

Hibiscus cannabinus



E: Deccan hemp, Bimli-jute, Kenaf

A: Afrika malva, Wildestokroos

D: Hanfhibiscus, Eibisch

Die plant het **baie name in baie verskillende tale.**

In goeie reënjare verskyn skielik hierdie stokkerige halfstruikplant met sy pragtige liggeel, partykeer mauve malvablomme. Die blomme maak voor sonop halfoop en begin lank voor middagtyd al weer sluit. Daarom is ons nie werklik van hulle bewus nie, maar ek dink, ons ken hulle almal. Die plant is onopvallend,

produseer redelik min blare met drie tot vyf “vingers” (amper soos die Cannabis-plant) en enkele baie lang blomstiele, tot 1,8 m hoog, waaraan dan ook die stekelrig-harde vruggie

sit.

In die vrugkapsule is harde swart driehoekige pitte, wat uitgeskiet word, as die kapsule oopbars.

Wat maak hierdie plant so interessant?

Soos ons van sy wetenskaplike naam kan aflei, het dit iets te doen met die **dagga**-plant (Cannabis). Nie net die blare herinner aan die Cannabis-plant nie, maar ook sy **vesel**.



Sy bas bestaan uit vesel soortgelyk soos by die hennep (hemp/Hanf)-plant en is dan ook as substituu gebruik, toe die aanplant van Cannabis weens sy bedwelmende werking verbied is. Die vesel word **kenaf** genoem.

Deesdae word *Hibiscus cannabinus* grootskaals in Indië en China aangeplant. Die plante staan in digte rye en bereik hoogtes van 4 tot 5 m. Die vesel word vir die vervaardiging van papier

gebruik en is 'n **baie goeie** alternatief vir papiervervaardiging in plaas van hout, want een boord *Hibiscus cannabinus* lewer in **een** jaar dieselfde opbrengs vesel as 'n stuk boomaanplanting van dieselfde grootte **na 20 jaar!**

In Europa is duursame materiaal van 'n mengsel vlas-, hennep-, kenaf- en kunsvesel, wat veral in die motorvoertuigvervaardiging gebruik word ontwikkel. Daarmee word die kajuitgedeelte van motors uitgelê (matte, deure, sitplekke, stoorgedeelte, ens.). Maar ook vlies-materiaal vir beskerming van plante teen ryp, vervaardiging van higiëniese mond-neus-beskermsmaskers en oorpakke word daarvan vervaardig. Aangesien dit 'n hoë aandeel natuurlike vesel bevat, is dit redelik goed biologies afboubaar. Interessant is ook, dat 1 ton van hierdie plante gedurende die groeiperiode tot 1,5 ton koolstofdiksied kan bind.

Ander gebruike veral in Afrika en Indië is al baie lank bekend en algemeen:

Die baie ligte, baie reguit en redelik harde blomstele is gedeeltelik gebruik om pylskagte (pyl en boog) te sny.

Die gekookte blare (geurige spinasie) is in Indië 'n goedkoop en gewilde groente-kerriegereg.

Van die blomme is rooi kleursel vervaardig.

Medies is die plant as lakseermiddel gebruik asook om hoë bloeddruk te verlaag.

Van die vesel is tou en ruwe sakmateriaal soos vir streepsakke gemaak.

Die verbouing en verwerking van hierdie plant het baie potesiaal, ook in suidelike Afrika, want dit groei hier in goeie reënjarige ver verspreid. Dit is beslis die moeite werd, om hierna te kyk.

Baie van ons ken 'n "susterplant" van *Hibiscus cannabinus*, en dit is *Hibiscus sabdariffa*, Roselle/Rosella, soos ons dit ken. Engelse name is Sour-sour, Red/Indian sorrel, Confederate rose, Deccan hemp, Egyptian tea, (eintlik soortgelyke name as *Hibiscus c.*).

Duitse name is Sabdarif Eibisch, Roselle/a, Sudan Eibisch, Afrikanische Malve, Karkade. Dit maak die lekkerste suur (warm of koue) tee, jellie, nagereg en lyk helder rooi. Die vlesige kelkblare, wat die vrugkapsule omsluit, word afgepluk, as dit diep rooi en ryp is. 'n Mens kan dit droog of vars gebruik vir tee of konfyt of wat ook al. In Duitsland word daarvan rooi koskleursel vervaardig.



Ook hierdie gewas hou vir suidelike Afrika groot moontlikhede in wat verbouing en verwerking betref. Dit is 'n eenjarige somersgewas, ongelukkig nie rypbestand nie! Vir meer inligting gaan maar by internet in, daar's BAIE.

Inligtingsbronne:

Wild flowers, Waterplants and Grasses of the Okavango Delta and Kalahari (Veronica Roodt)
Field Guide to the Plants of Northern Botswana including the Okavango Delta (Alison and Roger Heath)

http://en.wikipedia.org/wiki/Roselle_plant

<https://www.heise.de/tr/artikel/Runter-vom-Holzweg-280117.html>

https://www.google.com/search?q=aktiv-online-de%2Fnews%2Fflachs-hanf-kenaf-auch-solche-naturfasern-verarbeitet-polyvlies-zu-hochleistungstextilien-219&rlz=1C1GGRV_enNA751NA752&oq=aktiv&aqs=chrome.0.69i59j69i57j0l4j69i60l2.79050j0j7&sourceid=chrome&ie=UTF-8

Teks en fotos: Anka Eichhoff

Mei 2020